Sondag 7 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 2:1-11 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Romeine 2:6-8 (AFR2020)

Ons almal is afhanklik van God se genade

Die apostel Paulus maak in hierdie gedeelte van sy brief aan die Romeine 'n ontstellende feit aan ons bekend. Almal staan skuldig voor God. Die gemeente in Rome het waarskynlik hoofsaaklik uit Grieke en Jode bestaan. Paulus verduidelik dan vir die Jode dat hulle nie moet dink hulle is die Grieke een voor nie.

Daar was waarskynlik van die Jode gewees wat gedink het hulle is gered eenvoudig omdat hulle Jode is en omdat die wet geken het sodat hulle dit kon onderhou. Hierdie Jode het dan ander wat nie so was nie, veroordeel. Paulus verduidelik dan dat almal, Jood of Griek, skuldig staan voor die Here. Dit is belangrik dat ons dit ook onthou. Ons kan maklik dink dat omdat ons Christene is en "goeie lewens" lei dat ons beter is as ander. Ons almal is egter volkome afhanklik van God se genade vir ons redding.

Ons fokusvers (vs 7) kan verkeerd verstaan word, dat jy jouself kan red deur volharding in goeie werke. Dit is egter duidelik uit die res van die brief uit dat dit nie is wat Paulus hier bedoel nie. Hy sê in hoofstuk 6:23: "*Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.*"

Uit ons eie uit is ons werke sondig en daarom kan ons nie volhard in goeie werke en onsself red nie. God red ons deur die genadegawe van geloof aan ons te skenk. Genade is in sy aard nie iets wat 'n mens kan verdien nie. Genade is onverdiende guns. Dit is deur die krag van die Heilige Gees dat ons as geredde kinders van God volhard in goeie werke. Ons moet vandag opnuut weer die grootheid van God se genade vir ons raaksien.

*Sing: Psalm 103-1:1, 2, 9*

*Ds. FF (Frikkie) Deysel (Venterstad)*